# TEOLOGIESE OPLEIDING EN DIE TOEKOMS[1]

J H le Roux[2]

## SUMMARY

Theological education and the future

This article deals with the future theological education of the Dutch Reformed Church. It is argued that future developments do not necessary weaken the Church's position. The Church must, however, take cognisance of the reformation of the university in South Africa and become acquainted with the demands of the so-called information society. It is also accentuated that the Church must contribute to the further development and consolidation of Afrikaans as theological language.

## OPSOMMING

Oor die toekoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se teologiese opleiding word druk gepraat. Sommige sê dat een of meer fakulteite moet sluit en dat opleiding op een plek gekonsentreer moet word. Argumente ter verdediging is dat die Kerk nie oor verdere fondse beskik nie, die studentegetalle aan die kwyn is, fakulteite 'n finansiële las kan word, die regering nie drie opleidingsentra van een kerk sal duld nie en nog talle meer. 'n Probleem met hierdie gedagtegang is dat op 'n gedateerde manier oor die toekoms gepraat word. Suid-Afrikaanse universiteite is radikaal aan die verander en kontakonderrig, klaskamers, heeltydse studente, tradisionele studieprogramme word stadig maar seker óf uitfaseer óf onder druk geplaas. In baie opsigte behoort dit tot 'n ou orde wat uitpas met die nuwe inligtingsamelewing is. Tans word so totaal anders oor universiteit en student nagedink dat die kerk se toekomsvisie daarmee inpas moet wees.

Hierdie artikel fokus op enkele aspekte van die nuwe denke oor universiteitswese asook die veranderende siening van die student. Eers word op die gesprek oor tersiêre onderwys in Suid-Afrika gelet. Uit verskillende verslae blyk 'n duidelike anti-wit-tendens, 'n toename in studentegetalle, 'n vermenging van verskillende onderrigmetodes, ensovoorts. Vir kerklike opleiding hou dit

1 My opregte dank aan me. Marietjie Wessels, Departement Afrikatale, Unisa vir talle gesprekke oor die inligtingsamelewing, die konsekwensies vir teologiese opleiding en belangrike literatuur.

2 Prof. J. H. le Roux, Dept. Ou Testament, Fakulteit Teologie (NG Kerk), Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0001.

bepaalde gevolge in. Een manier om die druk te ontkom, is die eksploitering van die 'nuwe' inligtingsamelewing se moontlikhede. Hierdie artikel betoog onder meer dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie sommer sy teologiese invloedsfeer moet inkrimp nie. Die Kerk het veel vermag en sy posisie moet eerder versterk as verswak word.

## 1. RADIKALE HERVORMING VAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE

In Februarie 1995 het Nelson Mandela die National Commission of Higher Education (NCHE) onder leiding van Jairam Reddy aangestel. Die kommissie moes oor die herstrukturering van hoër onderwys in Suid-Afrika nadink. Gedurende Augustus 1996 het die NCHE se verslag met ingrypende sieninge oor die toekoms van hoër onderwys verskyn. Dit sou ook as basis vir die Groenskrif oor Hoër Onderwys van Desember 1996 dien. Lesers van die Groenskrif word ook vir verdere besonderhede na die NCHE verwys. Alhoewel plek-plek van laasgenoemde afgewyk is, bly die basiese gedagtegang dieselfde. Nadenke oor die toekoms van die Kerk se opleiding impliseer 'n deeglike kennis van hierdie en ander dokumente. Dit vorm die grense waarbinne oor teologiese opleiding gedink moet word.

Vir die Kerk is dit belangrik om sy plekkie binne die geheel te vind. Alvorens dit kan gebeur, is kennis van die nuwe denke oor universiteitswese noodsaaklik. Een saak blyk egter baie duidelik: die konteks van teologiese opleiding word anders, vreemder en dalk ook moeiliker. Aldrie teologiese fakulteite het ontstaan uit 'die piëteit van die samelewing teenoor die oortuiginge van ons groot kerkgemeenskappe' (Van Huyssteen 1986:24). Baie dinge het intussen verander. Ons bewoon nou 'n ander wêreld met ander sentimente en oortuiginge. Anders gestel: daar is nou 'n ander farao wat Josef nie meer ken nie.

Daar is 'n besliste anti-wit-tendens. Oral tref 'n mens dit aan. Soms klink dit eerder na 'n verwyt dat wittes soveel bereik het. Wittes verteenwoordig die negatiewe en simboliseer dit waarteen die NCHE betoog. Wittes kry die skuld vir baie wat met swart universiteitsopleiding verkeerd geloop het. Hulle apartheidsbeleid het alles deurmekaar gekrap. Vanweë 'the legacy of apartheid' is swart studente onherroeplik benadeel (NCHE 1996:28-50). Enkele voorbeelde word genoem. Ongelyke verspreiding van leergeleenthede het vele talentvolles van 'n moontlike universiteitsopleiding beroof. Swart universiteite is swaar deur ongelykhede van die apartheidsera getref. Hierdie ongelykheid is

die resultaat 'of a history of white and male dominance and protected privilege'. Diskriminasie teen swartes en vrouens het die situasie net vererger. Dit was die sisteem van swart onderwys 'that has denied blacks adequate access to the study of natural science, engineering and technology at higher education level' (NCHE 1996:34). Die geweldige diskrepansie tussen histories-wit-universiteite en histories-swart-universiteite is ook die resultaat van 'n bepaalde politieke beleid. Swart studente is by wit-universiteite uitgehou en by swart-universiteite saamgehok wat weer tot onderprestasie gelei het. Politiek was ook vir die oorbevolking van wit akademici aan universiteite verantwoordelik. As gevolg van apartheid was die navorsingsuitsette van histories-swart-universiteite aansienlik swakker as dié van histories-wit-universiteite. In 1993 het histories-wit-universiteite 51% van die totale akademiese bevolking (vir universiteite en technikons) uitgemaak, maar 83% van alle navorsingsartikels en 81% van alle M- en D-studente gelewer. Hierdie 'unjustifiable inequalities' moet uiteraard uit die weg geruim word (Green Paper 1996:15).

Wit universiteite het oor die algemeen gefaal. Anders gestel: die universiteite waar die Kerk se fakulteite gevestig is, het nie die mas opgekom nie. Alhoewel daar enkele internasionaal erkende bydraes bestaan, skiet die wit wetenskap nog ver te kort (Green Paper 1996:12-15). Ons wetenskapsbeoefening 'is still characterised by teaching and research policies which favour academic insularity and closed-system disciplinary programmes'. Wit akademici is verder vir die nood van die Suid-Afrikaanse samelewing asook vir die probleme van Afrika geheel en al ongevoelig (NCHE 1996:68-70). Tot nog toe kon Suid-Afrikaanse universiteite ook nie 'n nasionale etos (interkulturele toleránsie en begrip, sosiale kohesie) bevorder nie. 'n Kritiese en dinamiese burgelike gemeenskap is nie tot stand gebring nie (NCHE 1996:50-60). Kortom: aan wit universiteite is geen salf meer te smeer nie en daarom moet dit saam met die hoër onderwyssisteem radikaal verander.

Universiteite moet vir 'n geweldige toename in studentegetalle voorsiening maak. Dit is glo 'n wêreldwye tendens en hang saam met demografiese groei, meer skole, verbetering van onderwysstandaard, sosiale mobiliteit, ensovoorts. In Suid-Afrika is daar egter 'n belangrike probleem: te veel wit en te min swart studente is aan hoër onderwysinstellings verbonde. Hierdie wanbalans móét reggestel word: 'It is clear that if South Africa is to compete economically on the world stage it will need increasing number of skilled professionals ... and that the bulk of this increase will need to come from the black community'. Alles dui op 'a transition from an elite to a mass system' (NCHE 1996:91-92).

'n Duidelike doelwit is ook vir die jaar 2005 gestel: 1 500 000 studente aan hoër onderwysinstellings. Dit is amper 'n verdubbeling van die huidige studentetal (NCHE 1996:93-100).

Belangrik is die sentrale rol wat korrespondensie- of afstandsonderrig in die toekoms gaan speel (NCHE 1996:119-124). Hierdie tipe onderwys kan baie tot die verligting van die getalledruk bydrae. Wêreldwyd word dit ook 'n baie gewilde vorm van universiteitsopleiding. Studente kan hulle eie pas volg, akademici kan mense van verskillende kultuuragtergronde makliker bedien, universiteite kan die groot aantal studente beter akkommodeer. Geen wonder dat die onderskeiding tussen kontakuniversiteite en korrespondensie- of afstandonderrig stadig maar seker vervaag nie (NCHE 1996:120).

Dit wil voorkom asof graadstrukture oral sal moet verander: 'A new higher education system requires a single qualifications framework to enhance mobility and progression' (NCHE 1996:104). Onderliggend hieraan is die volgende denke: lewenslange studie is die doelwit; daarom moet iemand te enige tyd en op enige plek met universiteitstudie kan begin; as hy na 'n jaar of twee wil staak, moet hy 'n sertifikaat of diploma daarvoor ontvang; as hy oor 'n jaar of wat weer wil begin, moet hy kan aangaan waar hy alles gelos het (Green Paper 1996:19-23). Dit beteken dat die graad-, diploma- en sertifikaatstruktuur sodanig sal wees dat daar talle intree- en uittreevlakke sal bestaan (NCHE 1996:85-89;104-107).

Suid-Afrikaanse universiteite moet deur die volgende visie gelei word: 'n totale herstrukturering van hoër onderwys in Suid-Afrika; toelating van alle talentvolle individue tot hoër onderwysinstellings; uitstekende beplanning en koördinasie van universiteite se leerplanne en -programme; die voorsiening in die behoefte na hooggeskoolde mensekrag wat deur 'n kragtige Suid-Afrikaanse ekonomie geskep gaan word; die stimulering van die kritiese diskoers; die kweek van 'n waardering en respek vir menseregte; die navolging van internasionale akademiese standaarde (Green Paper 1996:9-12)

In die lig van die NCHE, die Groenskrif, die heropbou-en-ontwikkelingsprogram en die grondwet is sekere beginsels geformuleer: 'equity' (gelykheid ongeag ras, kleur of geloof), demokratisering (medeseggenskap, deursigtigheid, toegang tot relevante kennis), ontwikkeling (mobilisering van alle hulpbronne ter bevordering van die 'common good'), kwaliteit (internasionale erkenning, hoë akademiese standaarde), akademiese vryheid en outonomie (nuwe vennootskap tussen staat en universiteit, deelnemende-regering); die

onderskeie dokumente wil ook poog 'to rectify the ineqaulities which permeate higher education provision' (NCHE 1996:80,81).

Bogenoemde is slegs enkele kritiese opmerkings oor die hervorming van die Suid-Afrikaanse universiteitswese. En die Kerk moet deeglik hiervan kennis neem. Vorentoe kan die druk dalk toeneem en alles moeiliker word. Tog moet die moontlikhede wat die nuwe denke bied, nie verontagsaam word nie. Hieroor die volgende:

- Ons konteks gaan verander. Dit is egter nie 'n onoorkomelike probleem nie. Die kerk moet net vir hom 'n plekkie in die groot universiteitskonteks uitkap. Hy moet sy identiteit bepaal, sy visie formuleer en sy aksieplan verduidelik. Verder moet die kerk die andersheid of uniekheid van sy opleidingspakket uiteensit. Anders gestel: Wat kan die kerk bied wat nie elders gekry kan word nie? Teologiese opleiding sal daarom baie wyer gedefinieer moet word. Nie net die eie kerk se belange nie, maar ook die van ander moet gedien word. Bogenoemde visie en beginsels sal baie ernstig geneem moet word.
- Histories-wit-universiteite is die draers van 'n Westerse wetenskapstradisie wat vir Afrika uiters waardevol kan wees. Anders gestel: die Kerk is die 'beskermheer' van 'n intellektuele tradisie wat nie sommer prysgegee moet word nie. Sedert die ontstaan van die Kweekskool in 1859 het die Kerk mede-verantwoordelikheid vir die teologiese wetenskap in Suid-Afrika geneem. En die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se teologiese opleiding is 'n mooi verhaal (vgl. De Villiers 1975; Ferreira 1979). Vir amper 140 jaar lank gee die Kerk reeds beslag en inhoud aan die teologiese wetenskap. Dit is langer as enige ander Suid-Afrikaanse kerk. Tans word die Kerk se teologiese erfenis oraloor waardeer en gerespekteer.
- Daar bestaan moontlikhede vir die Kerk om sy posisie eerder te versterk as te verswak. Indien 'n toename in studentegetalle verwag word en die grense tussen kontak- en korrespondensie-universiteite gaan vervaag, moet die Kerk vinnig optree. Een manier is die radikale aanwending van afstandsonderrig (papiergebaseerde en internet). Anders gestel: die onmiddellike benutting van die produkte wat die inligtingsamelewing ons bied. Hieroor meer in die volgende paragrawe.

## 2. ONS LEEFWÊRELD VERANDER RADIKAAL

Nadenke oor teologiese opleiding moet die veranderinge in die Westerse gemeenskap deeglik verdiskonteer. 'n Ingrypende sosiale, ekonomiese, poli-

tieke en opvoedkundige herstrukturering vind tans in die Westerse wêreld plaas. Dit is so ingrypend dat selfs van 'a totally new civilization' gepraat word (Toffler & Toffler 1995:29). Dit relativeer of verdwerg selfs die veranderinge in Suid-Afrika gedurende die afgelope klompie jare. Besinning oor teologiese opleiding moet dus hierdie globale Westerse konteks veranderinge in ag neem.

Breedweg het die Weste drie historiese fases deurloop: die pre-industriële, industriële en post-industriële. Dit kan ook in terme van drie golfbewegings beskryf word: die agrariese, die industriële en die inligtingsera. Elkeen van hierdie eras of golfbewegings is deur ingrypende tegnologiese vernuwing voorafgegaan en het tot dramatiese samelewingsverandering aanleiding gegee. Eers was daar die agrariese fase. Of anders gestel: dit was een van die fases wat die industriële era voorafgegaan het. Gedurende hierdie tydperk was die ganse gemeenskap van die grond en landbou afhanklik. Alvorens hierdie periode teen 3000 vC kon aanbreek, was daar eers belangrike tegnologiese ontwikkelings. Voorbeelde hiervan is die ontdekking van die wiel en die rewolusionêre aanwending daarvan in die vervoer- en die pottebakkersbedryf, die vervaardiging van die ploeg en makmaak van diere vir menslike gebruik (Lenski & Lenski 1991:158).

Ongeveer 300 jaar gelede het die industriële fase aangebreek. Tegnologiese vernuwing het ook hierdie era voorafgegaan. Volgens Francis Bacon het die skeepskompas, die ontdekking van die boekdrukkuns en buskruit die aangesig van die wêreld verander. Eersgenoemde het veroorsaak dat ongekaarte dele van die wêreld ontdek kon word. Buskruit het die onderwerping van die inheemse volke vergemaklik. Vanweë die boekdrukkuns kon die Reformasie sy stempel op die wêreld afdruk. Daar was egter nog iets belangriks: James Watt se vervaardiging van die stoomenjin. Hierdie masjien het die samelewing ingrypend verander. Vir die eerste keer in die Westerse geskiedenis het die 'fabriek' ontstaan. Tot nog toe het arm gesinne in hulle huise spin-, weef- en ander werk verrig. Oornag het hulle werkplek egter verander met ingrypende gevolge vir die gesin (Lenski 1991:226-229). Kortom: gedurende die industriële fase was die fabriek en die arbeider sentraal. Só is geld gegenereer en is die kapitalisme gevestig.

Gedurende die sestiger jare van ons eeu is die term 'inligtingsamelewing' vir die eerste keer gebruik. Daarmee is die derde groot ontwikkelingsfase in die Westerse samelewing aangedui. Toenemend is die fabriek en die arbeider deur iets anders vervang: inligting of kennis. In plaas van die produkte van die

industrie wat deur mannekrag vervaardig is, word kennis/inligting nou verkoop. Vir die eerste keer in die geskiedenis is die industrie deur inligting vervang. Inligting word nou die groot geldmaker met verreikende politieke en opvoedkundige implikasies (vgl. Gingrich 1995:7-18; Toffler & Toffler 1995:27-34).

Van die inligtingsamelewing se vele kenmerke word net 'n paar genoem: inligting word onontbeerlik, teoretiese kennis neem in belangrikheid toe, kennisgeoriënteerde mense 'bevolk' die nuwe gemeenskap, wetenskaplike besluitneming word 'n aanvaarbare lewenshouding, wetenskaplik-verantwoordbare oplossings vir sosiale, politieke, ekonomiese en ander probleme word die voorgeskrewe weg (Wessels 1997:3-7). Sonder tegnologie kan hierdie nuwe gemeenskap egter nie groei of bloei nie. En die ondersteunende tegnologie van die inligtingsamelewing is die rekenaar: 'in the information society computer technology is the prime innovative technology, which substitutes for and amplifies mental labour' (Wessels 1997:2). Rekenaargeletterdheid is dus absoluut noodsaaklik.

## 3. 'N ANDER SOORT UNIVERSITEIT EN STUDENT ONTSTAAN

Soos wat die inligtingsamelewing gestalte kry, sal die universiteitstruktuur dienooreenkomstig verander. Wêreldwyd word daar ook oor die universiteit vir die nuwe soort gemeenskap besin (Moore 1997:1-7). Alhoewel 'n lang pad nog voorlê, dui 'n paar merkers reeds die rigting aan. Klaarblyklik is die ommeswaai vanaf die oue so ingrypend dat selfs van 'n paradigmaverandering sprake is. Klaarblyklik is die nuwe denke oor universiteit, student, dosent en leerinhoud so radikaal anders as in die vorige (industriële) era dat 'n paragdimaverskuiwing inderdaad plaasgevind het.

Een opvallende verandering is die beweging weg van 'n dosentgesentreerde na 'n studentgesentreerde leerbenadering. In die toekoms draai alles om die student. Hy/sy kan die wyse van onderrig kies, sy/haar eie werkstempo bepaal en nooit (of in elk geval baie min) by die universiteit opdaag. Dit kan geskied omdat 'n student 'n keuse van ten minste drie leweringsmeganismes of onderrigmetodes het: gewone kontakonderrig, korrespondensie onderrig (soos Unisa) en die internet. Eersgenoemde sal toenemend onder druk verkeer terwyl die toekoms van internetonderrig verseker is (Malan 1989:76-82).

Belangrik is die sentrale rol wat korrespondensie- of papiergebaseerde afstandsonderrig nog gaan speel. Oraloor neem dit in gewildheid toe.

Tradisionele grense tussen kontakuniversiteite en korrespondensie-onderrig is stadig maar seker besig om te verdwyn. Residensiële universiteite word ook aangemoedig om 'n sterk komponent afstandsonderrig in te bou. Volgens die nuwe denke reflekteer 'the emergence of "dual mode" (a mix of distance and contact students) and "mixed mode" (individual students mixing distance and contact learning) institutions ... this blurring, and is an important indication of a move towards open and life-long learning possibilities' (NCHE 1996:120 - my kursivering).

Daar bestaan reeds 52 virtuele universiteite in die hele wêreld. Suid-Afrikaanse instellings soos Unisa, Vista en Technikon SA gaan in samewerking met Cyber Connection kuberkampusse skep (Pretorius 1997:32). Studente sonder 'n rekenaar of internet sal geensins benadeel word nie. Oral sal internetsentra opgerig word sodat elke student toegang tot die internet kan verkry. By kleiner sentrums sal dáár 30 tot 50 rekenaars beskikbaar wees en by groteres tot 'n duisend (Unisa News 1997:12). Studente sal hulle studiemateriaal kan aflaai, hulle take met e-pos versend, hulle navrae aan en korrespondensie met die dosent deur middel van e-pos afhandel en dit terwyl hulle enige plek in die wêreld woon (vgl. Mountifield & Van Brakel 1994:28-33). Deur die internet sal hulle ook deel aan die ryke inligtingskat op die wêreldwye web kan kry, aan vakgesprekke oor die hele wêreld kan deelneem, in die wonderwêreld van multimedia kan deel en nog baie ander dinge meer (Renaud & Holland 1997:14). Deur middel van internetonderrig sal die student net soveel meer ontvang as die bestaande kontakonderrig en daarom die toenemende gewildheid van die kuberuniversiteit. Sommige universiteite verwag selfs 'n verdubbeling van getalle binne 'n kort tydsbestek.

Behalwe die fisiese universiteitskonteks gaan die student in die inligtingsamelewing ook anders lyk. Ander opvoedkundige en onderwysideale word nou gekoester. Ons let op 'n paar:

- Sekere vaardighede word belangrik. Belangrikste van almal is uiteraard rekenaargeletterdheid. Inligtingkunde en ander vakke wat met rekenaaronderrig te make het, sal toenemend deel van die student se leerplan word. 'n Student moet so gevorm word dat hy/sy die wêreld se kennisskatte rekenaarmatig kan ontsluit.
- Teoretiese kennis word onontbeerlik. Probleemoplossings moet deur teoretiese kennis gerugsteun word. Anders gestel: die oplossing van lewens-, beroeps- en ander probleme geskied deur middel van die insigte en die kennis van die wetenskap.

- Die wetenskap moet verinnig word. Aangesien inligting/kennis geld in die inligtingsamelewing genereer, moet 'n student anders oor die wetenskap begin dink. Beroepsvoorbereiding is baie meer as die vinnige instudeer van feite vir 'n toets of eksamen. Aangesien loopbane nou van inligting/kennis afhanklik is, moet die wetenskap iets kosbaars word. Kennis moet toegeëien en 'n student se eie gemaak word. Sy/haar sukses in die inligtingsamelewing is hiervan afhanklik.
- Intellektuele vorming geniet voorrang. Universiteitsonderrig het die vorming van die intellektuele en wetenskaplike vermoëns van die student ten doel: tersiêre onderrig is pas universitêr van aard wanneer 'dit plaasvind in die milieu van navorsingsbedrywighede' en wanneer dit 'die gees van kritiese bevraagtekening (en) van verbeeldingryke vernuwing' weerspieël en 'van avontuurlike ontdekking op die grense van die onbekende' getuig (Rossouw 1993:34); aan akademiese skoling word ook 'vrye verbeelding, kritiese bevraagtekening en innoverende vermoë' gekoppel (Rossouw 1993:43); wat deurgaans bevorder moet word, is 'n 'vrye, skeppende denke wat die lewensbloed van die universiteit is' (Rossouw 1993:73); aan die universiteit moet die student dus met 'intellektuele denkvaardighede' toegerus aangeleer word (Rossouw 1993:34); 'akademiese vakkundigheid en intellektuele kreatiwiteit' geld as primêre doel (Rossouw 1993:36); gevolglik is die universiteit inderdaad 'n 'agent vir kennisvernuwing en kennisoordrag' (Rossouw 1993:41); universiteitsopleiding verskil van tegnikonopleiding; daar is 'n hemelsbreë verskil tussen 'die opvoeding van beroepsbekwame intellektuele' en 'die afrigting van funksionele praktisyns' (Rossouw 1993:17).
- Studente moet tot lewenslange leerders geslyp word. Kennis is vir die inligtingsamelewing essensieel en daarom moet dit voortdurend vernuwe en verinnerlik word. 'n Paar jaar se formele studie is dus heeltemal onvoldoende om in die nuwe inligtingsgemeenskap te kan oorleef. Gedurende die studietyd moet 'n student eerder so gevorm word dat hy/sy lewenslank sal weet hoe en waar inligting ontsluit kan word, hoe en waar dit benut kan word, hoe en waar veral die rekenaartegnologie hom/haar kan help.

## 4. TEOLOGIESE OPLEIDING EN DIE INLIGTINGSAMELEWING

Suid-Afrika is nog lank nie 'n volledige inligtingsamelewing nie en miskien sal ons dit ook nooit word nie. Miskien sal Afrika altyd iets van die agrariese,

industriële en post-industriële in hom dra. Daar is egter 'n duidelike beweging binne die universiteitsgemeenskap om die voordele van die inligtingsamelewing te benut. Vanweë die veranderinge in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys word dit in sekere opsigte makliker. Vir die Kerk is dit 'n geweldig uitdaging.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet hierdie geleentheid aangryp. Besinning oor die toekoms van teologiese opleiding sonder inagneming van die opkomende inligtingsamelewing, is dwaas. Om bloot oor die sluiting of afskaling van bestaande fakulteite te praat, is gevaarlik. Eerder moet die Kerk oor die versterking en die uitbreiding van sy posisie binne die huidige veranderinge gesels. Radikale denke oor papiergedrewe afstandsonderrig en veral internetonderrig is nou belangrik.

- Kontakonderrig mag nooit verdwyn nie. Aldrie kerklike fakulteite is aan residensiële universiteite gekoppel. Daar bestaan dus fisiese geriewe asook groot kundigheid oor hierdie tipe onderwys. Dit is 'n bate wat gekoester en optimaal benut moet word. Tog moet onthou word dat voltydse studie aan 'n universiteit 'n luukse is wat al hoe minder mense sal kan bekostig. Kontakonderrig is die duurste vorm van onderrig en sal toenemend buite die bereik van die meeste mense bly. Indien subsidietekorte deur middel van verhoogde studiegeld aangevul moet word, kan dit tot 'n verdere vermindering van voltydse studente lei.
- Korrespondensie-onderrig neem toe en die Kerk moet spoedig deel word hiervan. Dit kan slegs gebeur omdat (soos hierbo vermeld) die grense tussen residensiële en korrespondsie-universiteite besig is om te vervaag. Alle universiteite en alle fakulteite sal in die toekoms van papiergebaseerde afstandsonderrig gebruik maak. Toenemend sal universiteite met bestaande instellings vir afstandsonderrig oor fasilitering begin onderhandel: 'A form of collaboration is beginning to emerge with franchise type agreements being concluded between the institutions offering distance education services and those offering face-to-face intuition' (Moore 1997:5). Kerklik-teologiese opleiding moet ook toenemend hiervan gebruik maak.
- Onmiddellik moet met kursusse op die internet begin word. 'n Goeie beginpunt is die aanbieding van die honneurs- en die meestergrade. Aanvanklik hoef slegs die minimum inligting in Afrikaans en in Engels verstrek te word. Dinge soos toelatingsvereistes, bestek, boekelyste, werkopdragte, ensovoorts (vgl. Bothma 1996:459-470; McGrath 1997:578-581).

Korrespondensie- en internetonderrig het ook bepaalde voordele vir die student, die fakulteite en die kerk. Vir die student is dit voordelig want hy kan

baie langer beroepsaktief bly; hoë studiekostes en swak beroepsvooruitsigte sal al hoe meer voornemende voltydse studente ontmoedig; deur tuisstudie sal hy minder skuld hoef te maak en sal sy gesin minder ontwrig hoef te word. Vir die fakulteit kan dit 'n goeie vermeerdering van studente (en dalk ook personeel!) beteken. Vir die kerk is dit 'n geleentheid om sy posisie binne die breë kerklik-teologiese establishment te verstewig.

Indien die Kerk die verskillende onderrigwyses gaan gebruik, moet hy ook die grondliggende filosofie toe-eien. Anders gestel: die Kerk moet die inligtingsamelewing se ideale van studentwees en die wetenskap sy eie maak. Teoretiese kennis word toenemend belangrik en die teologiese opleiding moet dit ook weerspieël. Oordadige klem op vorming vir die kerklike praktyk pas dus nie meer nie. 'n Toelogiese student moet eerder die waarde van teoretiese kennis begryp en dit kundig in die daaglikse lewe aanwend. 'n Dominee moet dus 'n intellektueel wees (vgl. Ortega y Gasset 1959:30; 1966:151; Pauw 1975:57; Versfeld 1962:29,36;). Kortom: bedieningsrypheid en -gereedheid moet daardeur bepaal word 'of 'n student hom met sy hele hart, siel en verstand aan die teologiese (veral die Bybelse) wetenskappe gewy het en of hy in staat was om die wetenskaplike kennis te verinnerlik (Le Roux 1992:297).

## 5. AFRIKAANS AS TEOLOGIESE TAAL

Met verloop van jare het die Kerk die verafrikaansing van die teologiese wetenskap bestendig. Nooit kan die Kerk se bydrae in hierdie verband ook oordryf word nie. Wat die toekoms egter betref, het die Kerk steeds 'n taak om Afrikaans as teologies-wetenskaplike taal te verseker. Indien die Kerk hierin sou faal, kan dit selfs die einde van Afrikaanse teologiese publikasies (boeke, artikels) beteken. Maar hoe moet die Kerk vir Afrikaans opkom? Slegs met behulp van wetenskaplike insigte! Die wetenskap moet die Kerk help om steeds 'n Afrikaanse teologiese wetenskap uit te bou. Een moontlike wegspringplek is om die waarde van die geesteswetenskappe te beklemtoon. Meer nog: om die sinrykheid van 'n Afrikaanse perspektief op die werklikheid te verduidelik. Hieronder word die punt verder ontwikkel.

Eers iets oor die verhouding natuur- en geesteswetenskappe. Dikwels word natuur- en geesteswetenskappe teenoormekaar gestel: eersgenoemde sou laasgenoemde oorbodig maak. Vanweë die geweldige vooruitgang van die empiries-analitiese wetenskappe word die nut van die geesteswetenskappe al hoe meer bevraagteken. So 'n siening berus op 'n bepaalde beskouing van die

wetenskapsgeskiedenis: eers was die geesteswetenskappe daar en toe kom die natuurwetenskappe. Histories is so 'n argument ononthoudbaar: die term 'natuurwetenskap' word vanaf 1703 en 'geesteswetenskap' eers vanaf 1847 of 1849 aangewend. Eintlik hoort albei wetenskappe bymekaar: die ontwikkeling en die uitbreding van die geesteswetenskappe is 'n antwoord op die ontwikelling en uitbreiding van die natuurwetenskappe. Kortom: die opkoms van die analities-empiriese wetenskappe was nie die doodsklok nie, maar die geboortegrond vir die geesteswetenskappe. Hoe groter dus die vooruitgang van die 'harde wetenskappe' — die natuurwetenskap en tegnologie asook die eksperimentele menswetenskappe — hoe groter die behoefte aan die geesteswetenskappe. Hoe moderner die wêreld des te onvermydeliker word die geesteswetenskappe (Marquard 1987:99-101).

Wetenskap en tegniek se oorwinningstog is egter onstuitbaar. En op verskillende maniere is die leefwêreld van die mens deur hierdie oordonderende mag van wetenskap en tegniek in gedrang gebring. Een is die versaakliking van die daaglikse lewe. Die leefwêreld word deur die tegnies-beproefde dingwêreld vervang. So word die mens 'n eksakte objek, 'n tegniese instrument, 'n nywerheidsproduk, 'n ekonomies berekenbare ding (Marquard 1987:104). Ook die universalisering van die leefwêreld is 'n gevaar (Marquard 1987:104). Grense word afgebreek en die wêreld word eenvormig. Die invloed daarvan op wetenskapsbeoefening is merkbaar: die strewe na universele wetenskaplike waarhede wat in een taal (Engels) uitgedruk word; die universalisering van die universiteit se taak; die eenduidige verstaan van die Suid-Afrikaanse werklikheid; die eenvormige lees van tekste; die eenogige kyk op ons verlede.

Uit die waansin moet 'n uitweg gesoek word. Of soos Rossouw sou sê: '(d)ie ontdekking van die weg terug' (Rossouw 1993:83). Maar terug waarheen? Na die lewe en die groot lewensvrae! Na die herontdekking van die mens as 'n soekende kultuurwese. Te midde van wetenskaplike en tegniese oorwoekering moet die anderkant van menswees as't ware ontdek en toegelig word. Met klem moet gestel word dat die mens méér as benutter en gebruiker van die werklikheid is. Hy het méér nodig om sy weg in hierdie wêreld met vreugde te bewandel. En hierdie 'méér' dui op die beantwoording van basiese lewensvrae. In hierdie lewe word die mens gekwel deur die waarheen- en die doelvraag. Waarheen is hy met al sy wetenskap op pad en watter doel moet bereik word?

Op verskillende maniere bevestig bogenoemde die bestaan van 'n Afrikaanse wetenskapskultuur.

- Die sinsvraag word nie deur universele antwoorde opgelos nie. Sinsvrae is baie persoonlik en hou met kultuur en konteks verband. Verskillende lewenskontekste 'produseer' verskillende antwoorde. 'n Afrikaanse kyk op die probleem kan dimensies belig wat binne 'n Engelse gemeenskap onmoontlik sou wees — en natuurlik ook andersom.
- Sinsoeke en waardes is nou gekoppel. 'n Mens vind lewensin in bepaalde waardesisteme wat in bepaalde gemeenskappe beslag gekry het. Die Suid-Afrikaanse werklikheid weerspieël verskillende gemeenskappe en gevolglik bestaan daar 'n groot verskeidenheid moontlike antwoorde. Hierdie moontlikhede moet deur die geesteswetenskappe in verskillende tale gekommunikeer word. Anders gestel: ter wille van die mens se heil moet die wetenskap nie net tot een taal en een kyk op die Suid-Afrikaanse werklikheid beperk word nie.
- Die inheemsheid van Afrikaans maak sy voortbestaan des te dringender. Afrikaans is 'by uitstek geskik om op grond van sy aard en status as taal van Afrika uniek uitdrukking te gee aan ervarings van Afrika' (Carstens 1993:92). Afrikaans is in staat om unieke Afrika-ervarings (en dus ook Afrikaanse-ervarings) te verwoord. Deur Afrikaans word 'n intieme kontak met die Afrika- (en ook Afrikaanse) wêreld bewerkstellig. En vir die beoefening van die geesteswetenskappe is hierdie 'taalfeit' belangrik.
- Die Afrikaansheid van die wetenskap dra tot die meer- of veelduidigheid van die werklikheid by. Vir ons in Suid-Afrika is hierdie meerkantige verstaan van ons wêreld noodsaaklik. Hier smoor ons nog steeds aan eenduidige verklarings van die werklikheid. Dit word ondermeer sigbaar in die populêr-politieke interpretasie van die verlede, die populêr-religieuse verklaring van die hede, die sentimentele toekomsverwagting, die verideologiseerde siening van die staat, die verengelsing van ons lewenswêreld, ensomeer. Vir die Suid-Afrikaanse wetenskapsbeoefening is die kaleidoskopiese perspektief dus lewensbelangrik.
- Indien die Kerk die Afrikaansheid van die teologiese wetenskap wil begrond, sal hy dit wetenskaplik moet verantwoord. Een baie belangrike manier is om by die debat oor die geesteswetenskappe en 'n Afrikaanse wetenskapskultuur in te skakel. Wat vir die bestaan van die humaniora in Afrikaans geld, geld ook vir die Kerk. Met behulp van hierdie insigte kan die Kerk sy eie unieke Afrikaanse kyk op God, die Bybel en die mens verwoord.

## 6. SLOT

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk hoef nie noodwendig sy teologiese opleiding in die toekoms af te skaal nie. Hy kan dit selfs versterk. Maar dan moet die Kerk hom egter deeglik van die radikale universiteitshervormings in Suid-Afrika vergewis en deeglik van die inligtingsamelewing kennis neem. Emosionele argumente en denke uit die voortyd (industriële era) is ongeskik vir die nuwe debat. Vir die nuwe probleme is verinnerlikte wetenskaplike kennis en wetenskaplik gevormde argumente nodig. Mag die Kerk insig en wysheid vir die groot taak ontvang.

# BIBLIOGRAFIE


Bothma, T J D

1996. Added value in electronic publications. *Online Information 96 Proceedings*, 459-70.

Carstens, W A M

Afrikaans en interdissiplinêre studie: moontlikhede en eise in 'n toekomstige Suid-Afrika. *Literator* 14(2) 1993:83-99.

De Villiers, D R

1975. *Teologiese opleiding vir wit en swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.

Ferreira, I L

1979. *Die teologiese seminarium*. Pretoria: Makro Boeke.

Gingrich, N

1995. *Preface*, in Toffler & Toffler, 7-12.

Green paper on higher education

1996. Pretoria: Department of Education.

Lenski, G & Lenski, J

1991. *Human societies*. New York: McGraw-Hill.

Le Roux, J H

1992. Op die breuklyn. *NGTT* 33(3), 291-300.

Malan, S P T

1989. Eise van die opkomende inligtingsamelewing: imperatiewe vir universiteits-opleiding. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde* 57(1), 76-82.

Marquard, O

Apologie des Zufällige. *Philip Reclam jun*. Stuttgart, 1987.

McGrath, A E

1997. *Christian theology*. Oxford: Blackwell.

Moore, D

1997. *A flexible learning system for higher education in South Africa*. Lesing gelewer by kongres van FOTIM oor 'A flexible learning system', Technikon SA, Johannesburg.

Mountifield, H M & Van Brakel, P A
1994. Network-based electronic journals: a new source of information. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde* 62(1), 28-33.

National Commission of Higher Education
1996. Parow: CTP Book Printers

Ortega y Gasset, J
1959. *De taak van de universiteit.* S'Gravenhage: Leopolds.

1966. *De opstand der horden.* S'Gravenhage: Leopolds.

Pretorius, C
1997. Kuber-universiteite voldoen só aan witskrif oor onderwys. *Beeld* 11 Augustus 1997, 32.

Pauw, J R
1975. *Die westerse universiteit.* Johannesburg: De Jong.

Renaud, K & Halland, K
1997. Distance education and WWW. *Unisa Bulletin*, July/Julie, 14.

Rossouw, H
1993. *Universiteit, wetenskap en kultuur.* Kaapstad: Tafelberg.

Toffler A & Toffler, H
1995. *Creating a new civilization.* Atlanta: Turner Publishing.

Unisa News
Julie-September 1997. *The age of virtual education is nigh*, 12.

Van Huysteen, W
1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording.* Pretoria: RGN.

Versfeld, M
1962. *Rondom die Middeleeue.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Wessels, E M
1997. *Development: the process of informatization.* Ongepubliseerde manuskrip. Pretoria: Universiteit Pretoria.